

Wat Jesus vir ons gedoen het (Kol 1-2)			Wat Jesus deur ons doen (Kol 3-4)		
Rome, 60-61 nC					
Leerstellige waarhede			Toepassing van die leerstellings		
1:1 Inleiding	1:15 Jesus oortref alles!	2:4 Vryheid in Jesus	3:1 Saam met Jesus!	3:5 Wat Jesus deur jou doen	4:7 Slot

Tweelingbriewe:
Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen Kolossense en Efesiërs

Dag	Dag se brood
Ma	Kol 1:1-14
Di	Kol 1:15-29
Wo	Kol 2
Do	Kol 3:1-17
Vry	Kol 3:15-4:18
Sat	Ps 104
Son	Ps 8

Die eerste gedeelte van die brief beskryf Christus (1:15-23 en 2:8 – 3:4.) Christus se alles oortreffende uitnemendheid word uitgebeeld:

- Sy verhouding met God: Die Seun is die beeld van God (1:15)
- Sy verhouding tot alles wat geskape is: Alles is deur Hom geskep (1:16-17)
- Sy verhouding tot die kerk: Hy is die hoof van die liggaam (1:18)
- Sy verlossingswerk: Vergewing van sonde en versoening (1:19-23)

Hierdie uitnemendheid staan in kontras met die dwaalleer in Kolossense en moet verstaan word voordat die dwaalleer weerlê kon word.

Hoofstuk 3 beskryf die drie temas van die boek en wys die verwantskap tussen hulle:
Omdat die gelowige saam met Christus uit die dood opgestaan het (3:1-4) moet hy die ou mens agterlaat en die nuwe opgeneem word (3:5-17) wat tot heiligheid in alle verhoudings lei (3:18-25).

In die laaste deel van die boek wys Paulus op die uitwerking van die verhouding met Christus op die gelowige se lewe. 'n Nuwe lewe en nuwe lewenswyse is 'n vereiste. Hy lê veral klem op die verhoudings in die huisgesin. Christus se hoofskap moet nie net in die Christen se geloofslawe sigbaar wees nie, maar ook in sy daaglikse lewe.
Hy sluit af met die opdrag: *Volhard in gebed!* (Kol 4:2)

Memoriseerverse:

*Die geheimenis is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind. (Kol 2:3)
Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie (Kol 3:2)*

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Die uitnemendheid van Christus (Kol 1)

Deur die Seun sien ons God se beeld raak,
God het deur Hom alles gemaak.
Voor alles was Hy daar,
en Hy hou alles bymekaar. (Kol 1:15-16)

Hy is hoof van die liggaam, Sy kerk.
Hy hou dit in stand deur Sy werk.
Hy het eerste uit die dood opgestaan
en so die weg na die heelal gebaan. (Kol 1:18)

Versoening kom deur sy bloed,
want Hy het vir ons sondes vergoed.
Ja, deur Sy bloed aan die kruis
kan ons in vrede woon in Sy huis! (Kol 1:20)

Christus plus enige iets is dwaalleer (Kol 2).

Die geheim is Christus en is jy is Sy kind.
In Hom kan jy verborge skatte vind. (Kol 2:3)
Jy moet jou lewe op Hom bou
en in geloof op Hom vertrou. (Kol 2:6)

Pasop dat niemand julle mislei:
Christus plus iets anders is nie Hy. (Kol 2:8-19)
Feeste is 'n skaduwee van wat sou kom.
Dit gaan eintlik alles net oor Hom. (Kol 2:16-17)
As julle werklik Christus in julle het,
vergeet van die godsdienstige wet. (Kol 2:20)

Die lewe van 'n nuwe mens (Kol 3 en 4).

As jy in sy opstanding glo,
strewe na die dinge daarbo.
Vergeet die aardse dinge en pyn -
jy gaan eendag saam met Hom verskyn. (Kol 3:1-3)

Jy moet die sondige dinge wen (Kol 3:5)
en meer en meer jou Skepper ken. (Kol 3:10)
Jy is nou God se uitverkore kind, (Kol 3:12)
laat liefde julle onderling bind. (Kol 3:14)

Die boodskap vir Christus moet in jou bly,
maar maak ook seker dat ander dit ook kry.
Sing psalms en gesange tot God se eer
en doen alles in die naam van die Heer. (Kol 3:16-17)

Waak en volhard dankbaar in gebed
en bid dat Hy nog mense sal red. (Kol 4:2-3).